UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# ALGEMENE VRAE EN ANTWOORDE INSAKE DIE VOLKOSTEBELEID

## 1. IS DIE BELEID VAN TOEPASSING OP ALLE DERDE-GELDSTROOM INKOMSTE?

Alhoewel die US van mening is dat dit tot elke navorser en navorsingsomgewing se voordeel strek om te bepaal wat die volle projekkostes beloop alvorens ’n navorsingsprojek aangegaan word, maak die beleid wel voorsiening daarvoor dat nie alle navorsings- en navorsingsverwante projekte en konsultasiedienste op ’n volkostebasis uitgevoer kan word nie. In gevalle waar die befondser/kliënt soos bv die *National Institutes of Health* (NIH) of Europese Unie befondsingsprogramme voorskriftelik is m.b.t. watter direkte en indirekte kostes van hul verhaal kan word, al dan nie, bly dit die betrokke omgewing se besluit oor watter kostes deur die omgewing gedra sal word en dus nie verhaal sal word van die befondser nie. In sulke gevalle behoort die befondser/kliënt ook kennis te neem dat dit nie meer die US vrystaan om buite die Intellektuele Eiendomswetgewing met die befondser oor die eienaarskap van intellektuele eiendom te kan onderhandel nie.

In gevalle waar ’n privaatinstansie ’n navorsingsprojek slegs ten dele kan befonds (dus nie op ’n volkostebasis nie), word die navorser aangemoedig om vir addisionele fondse (soos bv. THRIP) aansoek te doen om die projek op ’n benaderde volkostebasis te befonds. Die kliënt moet egter weereens in ag neem dat die eienaarskapverdeling van die Intellektuele Eiendom volgens die wetgewing voorgeskryf en toegepas moet word.

## 2. IN WATTER GEVALLE IS DIE VOLKOSTEBENADERING ONONDERHANDELBAAR?

Indien die befondser/kliënt met die US wil onderhandel oor eienaarskap van Intellektuele Eiendom sonder enige voorskrifte van die regering, moet ’n volkostebenadering gevolg word. Andersins is die wet voorskriftelik in die onderhandelingsproses en word die onderhandelingsproses onderwerp aan regeringsgoedkeuring.

## 3. WAT IS VOLKOSTE GEGEWE DIE IKVK (INDIREKTE KOSTEVERHALINGSKOERS) BELEID?

Volkoste is wanneer al die direkte en indirekte kostes wat verband hou met die projek ingesluit is in die begroting. Die volle IKVK moet dus ingesluit wees om die indirekte kostes vir die Universiteit te dek. Indien ’n Departemente of Fakulteit addisionele indirekte kostes (bv. steunkostes binne die fakulteit) het wat ook gedek moet word moet dit ook ingesluit word in die volkoste berekening.

## 4. MOET RUIMTEHEFFING NOGSTEEDS APART BEREKEN WORD?

Nee, die IKVK wat op 30 September 2013 deur die Raad goedgekeur is sluit die ruimte- en fasiliteitsbestuurskoste met betrekking tot derdegeldstroominkomste in, wat nié voorheen die geval was nie.

## 5. VERHALING VAN SALARISSE – WAARHEEN GAAN DIE FONDSE?

Die totale volkostebedrag word direk in die unieke kostepunt wat geoormerk is vir die spesifieke navorsingskontrak, inbetaal. Eerstens word die BTW, toeslag en fasiliteitsheffing van die bedrag verhaal. Die oorblywende bedrag word aangewend vir die navorsing. Die navorser se salaris word steeds deur die oorhoofse begroting gedek, alhoewel die kliënt vir die spesifieke tyd wat op die projek gewerk sal word, die

US moet vergoed. Die sogenaamde salariskomponent bly in die geoormerkte kostepunt en kan aangewend word om verdere studente-opleiding en basiese navorsing te befonds, óf aan die navorser uitbetaal word.

**6. WAT PRESIES IS INTELLEKTUELE EIENDOM VOLGENS DIE INTELLEKTUELE EIENDOMS WET?**
Intellektuele eiendom, volgens artikel 1 (c) van Wet no.51, 2008, 'Intellectual property rights from publicly financed research and development'(IPR), sluit die volgende in:

- Handelsmerke
- Patente
- Kopiereg (verslae ingesluit)
- Planttelersregte
- Ontwerpsregte.

**7. WAT WORD UITGESLUIT VAN DIE IPR WET?**
Kopieregte werk soos 'n tesis, dissertasie, artikel, handboek of enige ander publikasie wat, in die normale loop van besigheid, geassosieer word met konvensionele akademiese werk ( Art 1 (c) van Wet no.51, 2008).

**8. WAT IS DIE MINIMUM TARIEF WAT VIR PERSONEEL BEGROOT MAG WORD?**
Die minimum tarief per uur word bepaal op die basisvergoedingsvlakke (BVV) van Menslike hulpbronne

**9. MOET INGENIEURS DIE BVV VLAK GEBRUIK OF DIE ECSA FOOIE GEBRUIK?**
Die BVV is die minimum tarief wat gebruik mag word. Daar mag wel meer begroot word as die BVV vlak.

**10.WAT IS DIE MINIMUM WAT BEGROOT MOET WORD VIR SKRYFBEHOEFTES OF TELEFOONKOSTES?**
Daar is geen minimum.

**11. WAT IS DIE DEPARTEMENTELE MARGE?**
Die departementele marge is om die ondersteuningskoste wat die fakulteit / departement dra te dek. Die kostes was nie ingesluit in die IKVK nie. Dit hang van die Fakulteit/ departement af of hul 'n addisionele heffing wil vra om die kostes te dek.

**12. WAT IS DIE FAKULTEITSHEFFING VIR MY FAKULTEIT?**
Kontraknavorsing wat geen akademiese uitsette lewer nie, mag swaarder belas word met 'n addisionele heffing om sodoende kontraknavorsing wat goeie akademiese uitsette lewer aan te moedig. Die heffing is mag onder die diskresie van die Dekaan gehef word.

**13. WAARNATOE GAAN DIE GELD WAT ONTVANG WORD VIR DIE FAKULTEITSHEFFING?**
Die geld vloei na die fakulteit en kan dan aangewend word om navorsing wat goeie akademiese uitsette lewer aan te moedig.

**14. WATTER HULPMIDDELS SAL BESKIKBAAR WEES AAN NAVORSERS OM 'N VOLKOSTE BEGROTING TE BEREKEN?**
'n Volkoste Rekenmeester, sal beskikbaar wees om navorsers by te staan in die berekening van 'n volkostebegroting. Addisioneel hiertoe is daar 'n templaat beskikbaar waarop die kostes bereken kan word.

**15. WAT IS DIE IE OORDRAGFOOI?**
Die IE Oordrag fooi is slegs van toepassing indien die kliënt die IE wil besit en na konsultasie met InnovUS. Dit word bo-op volkoste gehef.

**16. WAT IS DIE TARIEF PER UUR VIR 'N NAGRAADSE STUDENT WAT OP DIE PROJEK WERK?**
Daar is nie 'n vasgestelde standaard nie. Die navorser moet bepaal op watter posvlak die student betrokke is in die navorsing en die diensooreenkomstige posvlak van die BVV van MH gebruik.

**17. INDIEN STUDENTE BEURSE ONTVANG MOET HUL URE WAT HUL OP DIE PROJEK WERK OOK IN BEREKENING GEBRING WORD?**

Indien die student ’n beurs ontvang vir sy studies *en nie betaal word vir sy werk op die projek nie* moet slegs die volgende ingesluit word:

1.Die beurs van die student moet op die volkoste berekening getoon word – dit is vrygestel van BTW en die toeslag. Die beurs moet minstens die student se studiegeld vir die betrokke periode dek.

Indien ’n student ’n beurs ontvang *en betaal word vir sy werk op die projek* moet die volgende ingesluit word:

1.Die beurs van die student moet op die volkoste berekening getoon word – dit is vrygestel van BTW en die toeslag.
2. Die ure wat die student werk moet ook onder personeelkostes getoon word met die diensooreenkomstige BVV

**18. WAT MOET VIR OUDITFOOIE BEGROOT WORD?**
Indien die projek geoudit moet word (soos bepaal deur sekere befondsers/kliënte) moet die ouditfooi begroot word.
Indien die navorser ’n ouditverslag van die ouditeure wil hê wat bevestig dat die projek wel volkoste is dan moet daardie fooi ook begroot word.

**19. ADDISIONELE VERSEKERINGSVEREISTES VAN DIE KLIËNT:**
In sommige gevalle vereis die befondsers/kliënt addisionele versekering bo en behalwe wat deur die US se versekeringspolis gedek word. In so ’n geval moet die kostes van die addisionele versekering as ’n lynitem in die begroting ingereken word en van die projekkostes verhaal word.

**20. IS DAAR ENIGE VOORDEEL VIR DIE NAVORSER?**
Ja, ’n sleutel fokus is ’n toename in inkomste na die navorser, Departement/Fakulteit en die US. Navorsers se tyd is tradisioneel onderbegroot. Die nuwe volkoste benadering verlang die akkurate tyd wat ’n navorser aan ’n kontrak investeer. Die volkoste benadering het die potensiaal om addisionele inkomste toe te voeg vir die Departement / Fakulteit of die navorsers se navorsingfonds.

**21. SAL BEURS ONDERSTEUNING ERKEN WORD?**
Ja. Beurs ondersteuning sal erken word, maar aangesien daar so baie verskillende beurs kontrakte is sal dit op ’n kontrak per kontrak basis hanteer word.

**22. DOEN US DIT OP HUL EIE?**
Nee, US is nie alleen nie. Al die ander universiteite moet ook nou op volkoste basis begin werk as intellektuele eiendom ter sprake is a.g.v. die IPR wetgewing. Universiteit Kaapstad (UK) werk al reeds vir ’n geruime tyd op die volkoste basis.